# Les 18 GOD IS DIE HERE

## 1. Koning oor God se volk – die kerk

Kom ons kyk oor wie word Dawid se seun aangestel as koning!

**God se belofte:**

*[8] "Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: Ek het jou uit die weiveld agter die kleinvee weggevat* ***om oor my volk Israel*** *te heers. [9] Oral waar jy gegaan het, was Ek by jou; al jou vyande het Ek voor jou oë uitgedelg. Ek het jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde. [10] Ek het 'n woonplek* ***aan my volk Israel*** *gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen [11] toe Ek leiers* ***oor my volk Israel*** *aangestel het nie. Ek sal jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou 'n koningshuis gaan vestig. [12]* ***Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee."*** (2 Sam.7)

Dit is God se volk. Dawid se seun kry die koningskap.

**Dawid se geloof in God se belofte:**

*[20] "Wat sou ek, Dawid, nog verder vir U kon sê? U ken immers u dienaar, Here. [21] U het hierdie groot ding gedoen omdat dit u besluit en wil was en boonop het U dit nog aan u dienaar bekend gemaak. [22] Daarom, groot is U, Here my God! Daar is niemand soos U nie. Buiten U is daar geen God nie, van hoeveel gode ons ook al gehoor het. [23]* ***Watter volk is soos u volk Israel? Hulle is die een nasie op die aarde wat U vir U as volk vry gemaak het****. U het u Naam bekend gemaak en in hierdie land aan nasies en hulle gode groot en vreeslike dinge gedoen ter wille van u volk wat U vir U uit Egipte vry gemaak het. [24] U* ***het u volk Israel vir U gevestig as 'n volk wat vir altyd aan U behoort****. En U, Here, U het hulle God geword. [25] En nou, Here God, bevestig tog vir altyd wat U oor u dienaar en sy nageslag gesê het. Doen tog soos U belowe het, [26] sodat u Naam vir altyd groot kan wees as daar gesê word: 'Die Here, die Almagtige, is God van Israel.' "Laat die nageslag van u dienaar Dawid voor U voortbestaan. [27] Here, Almagtige, God van Israel, U het nadruklik vir u dienaar gesê: 'Ek sal vir jou 'n koningshuis vestig,' en daarom het u dienaar die vrymoedigheid gehad om hierdie gebed tot U te rig. [28] "En nou, Here, U is God. U woorde sal bewaarheid word. U het hierdie goeie belofte aan u dienaar gemaak. [29] Begin tog nou en seën die huis van u dienaar om vir altyd in u diens te wees! Here my God, U het gepraat en omdat U seën, is die koningshuis van u dienaar vir altyd geseën."* (2 Sam.7)

1. Die volk van die Here is deur Hom gevestig. Dit beteken Hy het hulle 'n volk gemaak.

2. Die volk is die Here s'n. Hulle behoort aan Hom.

3. God het hierdie mense vrygemaak van sonde en afgodery om Syne te wees.

## 2. <u>Afgodsdienaars wil ’n mens hê wat in God se plek koning is!</u>

Die Dawidsbelofte is nie wat die Israeliete wou gehad het nie. Hulle het ’n lekker verhouding met God gesoek. Hulle wou nie ’n verbond met God gehad het nie. Hierdie begeerte vir ’n lekker verhouding met God maak hulle aan Samuel bekend in 1 Samuel 8:

*“ 4 Al die leiers van Israel het bymekaargekom en na Samuel toe in Rama gegaan. 5 Hulle het vir hom gesê: “Kyk, u het oud geword. U kinders is nie soos u nie. Stel nou liewer ’n koning oor ons aan om oor ons te regeer, soos dit by al die nasies is.” 6 Maar vir Samuel was dit verkeerd dat hulle gesê het: “Gee ons tog ’n koning om oor ons te regeer.” Samuel het tot die Here gebid, 7 en die Here het vir hom gesê: “Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jóú nie verwerp nie; hulle het My verwerp as koning oor hulle. 8 Hulle het nou ook met jou gemaak wat hulle met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe: hulle het My verlaat en ander gode gedien.”*

Hulle soek ’n koning om oor hulle te regeer soos by die ander nasies. Hoe het hierdie ander konings regeer? Hulle was nie maar net presidente of ministers soos ons regeerders ken nie. Al die konings van die ander volke het geglo hulle konings regeer soos God, en in die plek van God, oor hulle. Die koning is God se verteenwoordiger op aarde.

Amper al die konings van Israel wou in die plek van God oor sy volk regeer.
Kom ons kyk hoe het dit gewerk!

## 3. <u>Konings en onderdane maak God koning!</u>

Salomo was Dawid se seun. Hy het al met afgodsdiens begin in die plek van die Dawidsbelofte wat God gemaak het.

*“4 Veral in sy ouderdom het Salomo se vrouens hom verlei om ander gode te dien. Toe het hy die Here sy God nie meer met soveel toewyding gedien soos sy pa nie. 5 Hy het Astarte, die godin van die Sidoniërs, en Milkom, die afskuwelike god van die Ammoniete, gedien. 6 Salomo het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het nie aan die Here getrou gebly soos Dawid, sy pa, nie. 7 Salomo het selfs op die berg teenoor Jerusalem ’n hoogte gebou vir die diens van Kemos, die afskuwelike god van Moab, en vir Molek, die afskuwelike god van die Ammoniete. 8 Dieselfde ding het hy gedoen vir al sy uitlandse vrouens, sodat hulle wierook kon brand en offers kon bring vir hulle gode.”* (1 Kon. 10)

Die koning wat die eerste keer heeltemal met die Dawidsbelofte van die Here gebreek het, was Jerobeam. Kyk wat doen hy!

*“26 Jerobeam het by homself gedink: netnou gaan die koningskap terug na die huis van Dawid; 27 as hierdie volk na Jerusalem toe gaan om daar by die tempel van die Here te gaan offer, sal hulle weer hulle koning Rehabeam, koning van Juda, aanhang; hulle sal my doodmaak en weer agter koning Rehabeam aangaan. 28 Koning Jerobeam het toe met sy raadgewers oorleg gepleeg en twee goue kalwerbeelde laat maak. Toe sê hy: “Julle het lank genoeg Jerusalem toe gegaan, Israel; hier is nou die*

*beelde van julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het.”* [29] *Jerobeam het die een beeld in Bet-El opgestel en die ander in Dan.* [30] *Dit het die volk tot sonde verlei: hulle het selfs die een beeld na Dan toe begelei.* [31] *Jerobeam het heiligdomme op die hoogtes gebou en hy het mense uit die volk wat nie Leviete was nie, as priesters aangestel.* [32] *Verder het hy op die vyftiende dag van die agste maand ’n fees gehou net soos die fees in Juda. Hy het in Bet-El vir die kalwerbeelde wat hy gemaak het, offers gebring op die altaar, en hy het daar priesters aangestel vir die hoogtes wat hy ingerig het.* [33] *Op die vyftiende van die agste maand het Jerobeam ’n offer gebring op die altaar wat hy in Bet-El opgerig het. Hy het sommer self besluit oor die maand waarin die Israeliete die fees moes vier. Net toe hy daar op die altaar die offer aan die brand steek,…”* (1 Kon. 12)

Hierdie twee konings is net soos die volk gevra het. Dit is hoe hulle wou hê die konings moes hulle regeer. Hulle wou hê dat hulle konings vir hulle afgodsdiens reël.

1. Hy stel nuwe gode aan soos wat die mense nuwe gode wil hê.

2. Hy sit hierdie gode waar hy hulle wil hê.

3. Hy maak hierdie gode lyk soos mense God wil laat lyk.

4. Hy stel nuwe priesters, predikante, ouderlinge en diakens aan wat maak dat die mense hierdie nuwe gode dien.

5. Hy bou kerke vir hierdie gode.

6. Hy reël hoe hierdie gode gedien en aanbid moet word.

**4. <u>Koning van sondige begeertes</u>**

Hierdie werk is heeltemal iets anders as die werk van die president of eerste minister van ŉ land, soos ons dit ken. Hierdie is die werk van die koning soos mense wat afgodsdiens wil beoefen, ŉ koning soek en begeer.

Hoekom het die Israeliete so ŉ tipe koning gesoek?

**<u>Eerste rede:</u>**

Want dan het hulle ŉ manier hoe hulle as mense God kan aanstel en afdank na hartelus. Dit is hoe die lekker verhouding met God werk: mense wil God aanstel en afdank soos wat hulle God nodig het.

As God mense in sy plek aanstel om namens Hom oor sy volk te regeer – dan kan die volk God aanstel en afdank soos wat hulle sondige begeertes hulle lei.

As mense graag baie koeie, kalwers en goeie oeste wil hê, dan is Astarte God. Hoe dien jy hierdie God? Jy moet seks met die priesters by die tempel hê! Dit is hoe mense godsdiens wil hê – jy is losbandig en God sal jou seën!

As jy moeg is vir jou kinders, dan is Molek jou God. Hoe dien jy Molek? Jy sny jou kinders se keel af en offer hulle aan die Here. Dit is hoe mense godsdiens wil hê: kindermishandeling en kinderverwaarlosing is ŉ offer aan die Here.

So is daar gode vir oorlogsugtigheid, dronkenskap, eersug, jaloesie, noem maar op. Elke keer as mense sonde wil doen, dan dank hulle die ou God af en stel vir ŉ rukkie ŉ nuwe God aan.

Dit is hoe Israel hulle konings wou hê – hulle moes God verteenwoordig sodat hulle God deur die koning kon aanstel of afdank.

**Tweede rede:**

Die tweede rede is om God se wette te vervang met hulle eie reëls en regulasies. As mense God aanstel, dan maak hulle Hom die baas. As jy deur ŉ raad of deur ŉ direksie aangestel word – dan moet jy hou by hulle reëls.

So moet God dan kyk dat ander mense luister na die reëls wat die mense wat Hom aanstel, gemaak het. Self staan hulle glad nie meer onder sy wette nie.

**5. God is Here!**

Wanneer God aan Dawid die Dawidsbelofte maak – dan maak God Homself Here van sondaars.

God is Here! Hy is nie maar sommer net ŉ koning of regeerder nie. Die Bybel vermy dit om God sommer net ŉ koning of regeerder te noem. Die woord "Here" in die Bybel het ŉ baie besondere betekenis. Die betekenis van hierdie aanspreekvorm het God die eerste keer aan Moses bekend gemaak:

*"13 Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?" 14 Toe sê God vir Moses: **"Ek is wat Ek is**. Jy moet vir die Israeliete sê: **'Ek is'** het my na julle toe gestuur." 15 Verder sê God vir Moses: "Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.' Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag."*

1. Die woord "Here" in die Bybel is die naam wat ons vir God gebruik.
2. Hierdie woord beteken nie koning of regeerder nie.
3. Dit is die Afrikaanse woord vir die woord wat in Hebreeus beteken: "Ek is wat Ek is"

Met hierdie naam word vir ons gewys dat ons God nie kan maak soos wat ons Hom wil hê nie. Ons kan Hom nie die God van liefde, die God van oorlog, die

God van innigheid en losbandigheid, die God van vrede en konfliktloosheid, die God van ons orde en belange maak nie.

Ons kan Hom nie aanstel nie. Ons kan Hom nie afdank nie. Ons kan Hom nie anders maak as wat Hy is nie: God en Here.

God – is wat Hy is in Homself, sonder dat ons aan Hom iets kan verander!

**6. <u>Here of baas?</u>**

Kom ons toets onsself! As ons God “Here” noem, wat bedoel ons?

As ons bedoel God is soos ŉ baas, soos ŉ koning, soos ŉ werkgewer, soos ŉ onderwyser – dan is ons besig met afgodsdiens. Dit is hoe mense God wil hê. Ek kan mos self kies en aanstel! Dan kyk Hy dat ander na my reëls luister.

As ek bedoel: “God is God”, Hy is wat Hy is en ek kan niks aan Hom verander nie; ek kan nie maak dat Hy dink soos Hy dink, doen soos Hy doen of wil soos Hy wil nie, Hy is wat Hy is – dan is ek met godsdiens besig.